Algemene Sinode
Verloop van sinodale besluite oor selfdegeslagverhoudings

1. Algemene Sinode 1982 (p164)

- *Alle homoseksuele praktyke is sondig.*
- *Homoseksuele persone mag nie Nagmaal gebruik of tot die ampte toegelaat word nie.*

Die GKN (Gereformeerden Kerken Nederland) en Homofilie (Homoseksualiteit) – Agenda p164 (6.5.4)
6.5.4 Die GKN en Homofilie (Homoseksualiteit)
In hierdie verband het die GES die volgende belangrike besluite geneem:
6.5.4.1 Die pastorale sorg van die GKN
Die GES erken die bedoeling van die GKN in sy ernstige pastorale besorgdheid oor die situasie van homoseksuele persone.
6.5.4.2 Homoseksuele praktyke is sondig
In ooreenstemming met die tradisionele Gereformeerde opvattings van die Skrif verklaar die GES dat alle homoseksuele praktyke sondig is. (Lev. 20:13. Rom. 1:26,27, I Kor. 6:9, I Tim. 1:10)
6.5.4.3 Die GES verklaar verder dat enige advies wat die weerstand teen die sonde verswak nie die persoon wat teen die sonde stry en ander wat déúr hom beïnvloed word, help nie.
6.5.4.4 Verduideliking van die GKN gevra
Die GES versoek die GKN om sy pastorale uitsprake te verduidelik ten einde lig te werp op die vraag of sy beskouings oor homoseksuele praktyke in ooreenstemming is met die Skrifuitsprake. ·

6.5.5 Kommer oor die Dubbelsinnige karakter van die GKN se besluite oor Homofilie in 1979
Die GES lug sy kommer oor die dubbelslagtigheid van hierdie besluite.
Die GES versoek sy Interim-Komitee om die sienswyse van die GES as broederlike advies aan die GKN oor die aangeleenthede in die reses oor te dra.
Daarbenewens moet die GES so spoedig moontlik aan die lidkerke rapporteer oor wat daar in verband met die aangeleentheid bereik is.
Die GKN moet ook die GES die versekering gee dat hy nie homoseksuele lidmate tot die gebruik van die Nagmaal sal toelaat of tot die ampte sal verkies nie.

6.5.6 Studiekomitee
Op versoek van die afvaardiging van die GKN het die GES besluit om 'n Studiekommissie aan te wys om die hele aangeleentheid van homoseksualiteit in Bybelse perspektief te ondersoek. Rapport oor die saak moet aan die volgende GES in 1984 gelewer word.

2. Algemene Sinode 1986

- *Homoseksualiteit is in die lig van die Skrif 'n afwykende vorm van seksualiteit.*
- *Homoseksuele praktyke en 'n homoseksuele verhouding moet afgewys word as in stryd met die wil van God, soos in die Heilige Skrif geopenbaar.*
- *Die homoseksuele lidmaat mag nie op grond van sy afwykende gerigtheid, as sodanig, die belewing van die gemeenskap van die heiliges en die geleentheid tot diens in belang van die koninkryk van God ontsê word nie.*
- *Die Algemene Sinode vra finansiële ondersteuning van die Staat vir "spesialistiese kerklike dienste" gerig op die spesifieke nood van die homoseksuele mens.*

2.1 Agenda 1986 (p134-135, 355-363)

Agenda 1986, p134-135

16. LEERSTELLIGE KNELPUNTE TUSSEN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK (NGK) EN DIE GEREFORMEERDEN KERKEN NEDERLAND (GKN)

16.8 DIE STANDPUNT VAN DIE GKN OOR HOMOSEKSUALITEIT (HOMOFILIE)

Sedert 1967 het die homoseksualisme deurlopend die aandag van sinodes van die GKN geniet. In 1979 is 'n besluit geneem wat lui dat dit ons nie toekom om medemense te veroordeel oor hulle homofiele aard en die manier waarop hulle dit beleef nie, omdat die finale woord daaroor die prerogatief van God is. Dieselfde sinode kon nie tot 'n besluit geraak oor die voorstel dat niemand van die Nagmaal geweer mag word op grond van sy homofiele aard nie. In 1981 is 'n breedvoerige rapport oor die interpretasie van die Skrifgegewens rondom die kwessie van homofilie as voorlopige siening van die kerke aanvaar. Hierdie verslag kom in breë trekke tot die slotsom:

16.8.1 Dit word wyd aanvaar dat sekere mense 'n homofiele neiging het, terwyl daar baie is wat die goeie reg van homofiele praktyke verwerp.

16.8.2 Dit is duidelik dat verskillende Skrifgedeeltes hulle teen homoseksuele praktyke uitspreek. Die vraag is egter of daaruit afgelei kan word dat 'n homofiele verhouding onder alle omstandighede in stryd met die Skrif is en dat die persoon wat daarin volhard, daaroor veroordeel moet word. Is daar nie ’n wyer verband van ander Skrifgegewens wat ruimte laat vir ’n homofiele verhouding nie? Indien wel, op watter grond?

16.8.3 Indien die kerk, in ooreenstemming met vroeëre besluite, die homofiele naaste nie uit die gemeente weer nie, maar hom as mens met ’n bepaalde neiging aanvaar, hoe moet dit dan geskied? Hieroor kon die kommissie nie tot eenheid geraak nie. Die volgende vier standpunte is ingeneem:

* Die Bybel laat geen ruimte vir homoseksuele vriendskappe nie, sodat die saamleef van homofiele vanuit pastorale perspektief slegs as ’n tydelike noodmaatreël beskou moet word.
* Die Bybel spreek hom nie uit oor homofiele verhoudings wat in liefde en trou onderhou word nie. Daarom kan daar verskil van mening wees oor die vraag of werklike seksuele belewing in so ’n verhouding toelaatbaar is.
* Die begrip homofilie soos ons dit vandag gebruik, kom nie in die Skrif voor nie. Die gebod tot naasteliefde moet so ernstig opgeneem word dat ons die lewensgeheim van homofiele Christene voor die aangesig van God moet respekteer, selfs indien hulle hulself nie gebonde ag aan die Bybelse verbod nie. Die kerk moet hom weerhou van enige etiese uitspraak oor die vraag of homofiele mag saamleef of nie.
* Die begrip homofilie in die moderne sin kom nie in die Bybel voor nie. Die gebod van die naasteliefde moet so ernstig opgeneem word, dat ons die keuse van gebondenheid of nie- gebondenheid aan die Bybelse verbod moet respekteer wat deur homofiele mede-Christene voor die aangesig van God gemaak is. Alhoewel die Bybelse verbod op homoseksuele verhoudinge klaarblyklik tyd- en plekgebonde is, is die kerk verplig om te stel dat dié verbod van krag bly in gevalle wat soortgelyk is aan dié wat die Bybel verbied. Andersyds moet die kerk egter oordeel dat homofiele verhoudinge wat in liefde en trou gehandhaaf word, toelaatbaar is, selfs al spreek die Skrif hom nie daaroor uit nie, omdat in sulke verhoudinge reg geskied aan die heiliging van die lewe, wat die bedoeling van die Bybelse verbod op homoseksuele praktyke is.

Die implikasie van hierdie besluite is nie dat die GKN genoeë neem met elke homofiele verhouding nie. Die promiskuïteit en losse verhoudinge wat in die wêreld van die homoseksuele voorkom, word uitdruklik verwerp. Vir die GKN bly die belangrikste vraag egter of die Bybelse uitsprake oor homoseksuele verhoudinge verwys na homofiele verhoudinge wat op liefde en trou gebaseer is. Die Sinode van Delft (1979) wou sulke verhoudinge nie veroordeel nie, maar het besluit om dit aan die gewetens van die betrokke persone oor te laat. Die hoofoorweging daarby was dat huidige homofiele verhoudinge in liefde en trou van 'n totaal verskillende orde kan wees as die dinge wat deur Paulus veroordeel is.

Dit is duidelik dat die standpunt van die GKN oor homoseksualiteit nie losgemaak kan word van die Skrifbeskouing wat uit die rapport “God met Ons” geblyk het nie. Die Tussentydse Kommissie van die GES wat oor hierdie sake gehandel het, wys in sy verslag op die volgende uitspraak in “God Met Ons” “*Ten slotte is op te merken, dat ieder Bijbels gebod toegesneden was op een bepaalde historische situatie. Veranderde die situatie dan zien we al binnen de Bijbel zelf, dat dit aanleiding is tot opheffing, opschorting of wijziging van het gebod”* (90/91).

In die lig van die uiteensetting oor hoe die Skrifberoep in die etiek moet funksioneer wat in "God met Ons" gegee word, kan 'n mens nie van die indruk loskom dat daarvan uitgegaan word dat dit eintlik net die liefdesgebod is wat altyd en onder alle omstandighede geldigheid behou en elke historiese situasie te bowe gaan nie. Alle ander Bybelse gebooie moet gesien word as spesifieke konkretiserings van die liefdes-gebod in 'n bepaalde historiese situasie. As ons vandag moet bepaal wat die betekenis van die konkrete gebooie van die Bybel vir ons is, moet ons vra: "*Welke heilzame uitwerking beoogde God met die gebod in die specifieke situatie?*" In die lig hiervan moet ons dan in ons eie historiese situasie soek om te doen wat heilsaam is. Dit kan dikwels heeltemal anders uitval as wat in die konkrete Bybelse gebod gevra word, mits dit maar beantwoord aan die liefdesgebod en die norm van wat heilsaam in die konkrete situasie is.
In die lig hiervan kan dan geredeneer word dat homofiele verhoudinge nie noodwendig verkeerd hoef te wees nie, mits hulle getrou bly aan die norm van die naasteliefde en die trou teenoor mekaar wat aan die naaste werklik beskerming en lewensruimte gee. Die vraag of die huwelik volgens die skeppingsordening van God en volgens die duidelike implikasie van talle konkrete gebooie in die Bybel die enigste God-gewilde wyse is waarop die mens se seksuele lewe sy vervulling mag vind, kom dan op die agtergrond. Homofiele verhoudinge word selfs as 'n gelykwaardige variant van die liefdes- en seksuele verhouding binne die huwelik aanvaarbaar. Deur die implementering van die relasionele waarheidsbegrip (vergelyk die rapport Homofilie en die boekie *In Liefde trouw zijn*) word daar 'n spanning geplaas tussen die konkrete gebooie van die wet van God en die samevattende sin van die wet, naamlik die liefde tot die naaste. Dit is na ons mening teologies ontoelaatbaar en dit laat die deur oop vir etiese subjektiwisme. Dit word moontlik om die heersende sedelike opvattinge van die tyd op een of ander wyse met die Bybel te versoen, sy dit dan deur ’n sterk aksent op die historiese bepaaldheid van die konkrete Bybelse gebooie, of deur die redenasie dat die relasionele karakter van die waarheid toelaat dat ons in verskillende tye verskillend met die Bybelse gebooie sal omgaan.
Die pastorale bewoënheid van die GKN oor die homoseksuele naaste moet inderdaad waardeer word. Dit is sonder meer duidelik dat die kerk ’n pastorale taak het om broeders en susters wat homoseksueel geneigd is, by te staan. Daar moet selfs met smart erken word dat daar te dikwels 'n houding bestaan wat allermins getuig van aanvaarding, geduld en begrip vir die stryd wat hulle moet stry. Die pastorale benadering sal egter deurgaans 'n duidelike afwysing van die homoseksuele lewenswyse as vertrekpunt moet hê. Ons is van mening dat die GKN op hierdie punt aan die gesag van die Skrif onreg doen, sowel as aan die homoseksuele naaste self.

Agenda 1986, p355-363
BYLAE E
HOMOSEKSUALITEIT: WAT SÊ DIE KERK
[Omvattende bespreking van die “sewe” tekste]

2.2 Handelinge 1986 (p672)

30.5 HOMOSEKSUALITEIT — kennis geneem.
30.5.1-30.5.2 — kennis geneem.
30.5.3 Aanbevelings — goedgekeur.
Die Algemene Sinode aanvaar die voorlegging in BYLAE E as beleidstandpunt van die Ned Geref Kerk en dra dit aan die AKDB op om dit in die praktyk geïmplementeer te kry. Dit behels onder andere:
30.5.3.1 Homoseksualiteit is in die lig van die Skrif ’n afwykende vorm van seksualiteit.
30.5.3.2 Homoseksuele praktyke en ’n homoseksuele verhouding moet afgewys word as in stryd met die wil van God, soos in die Heilige Skrif geopenbaar.
30.5.3.3 Die kerk het ’n eiesoortige verantwoordelikheid teenoor die homoseksuele. Dit het ten doel geloofsgroei in Christus en ’n lewe van gehoorsaamheid aan God, volgens die norme van Sy Woord, tot eer van sy Naam.
30.5.3.4 Die homoseksuele lidmaat mag nie op grond van sy afwykende gerigtheid, as sodanig, die belewing van die gemeenskap van die heiliges en die geleentheid tot diens in belang van die koninkryk van God ontsê word nie.
30.5.3.5 Die AKDB word opgeroep om indringend te besin oor die implementering en koördinering van Bybelgefundeerde hulpdienste en -programme vir lidmate met homoseksuele probleme.

30.5.3.6 Leraars behoort op hoogte te wees met die besondere probleme waarmee die homoseksuele lidmaat te doen het, sodat hulle in hulle dienswerk hierdie nood kan ontmoet en die gemeente en ampsdraers kan opwek tot begrip en bewoënheid ten opsigte van diegene wet op hierdie wyse ly.
30.5.3.7 Kerkrade word opgeroep om hulle steeds te beywer vir die bevordering van gesonde huwelike en gesinsverhoudinge.
30.5.3.8 Ouers word aangemoedig om vir beraad aan te klop wanneer hulle 'n afwykende seksuele ontwikkeling by hulle kinders opmerk.
30.5.3.9 Te midde van die hedendaagse idealisering van seksualiteit en seksuele vervulling vir elke mens, moet die Bybelse beginsels met betrekking tot seksualiteit en huwelik onbevrees verkondig word.
30.5.3.10 Die Algemene Sinode dra dit aan die AKDB op om met die betrokke staatsdepartement(e) te onderhandel oor finansiële ondersteuning vir spesialistiese kerklike dienste gerig op die spesifieke nood van die homoseksuele mens.

Handelinge 1986, p608
16. LEERSTELLIGE KNELPUNTE TUSSEN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK (NGK) EN DIE GEREFORMEERDEN KERKEN NEDERLAND (GKN)
16.1-16.10.7 – kennis geneem.

3. Algemene Sinode 1990

- *Die AKDB bevestig dat hulle nie daarin kon slaag om finansiële ondersteuning (vanaf die owerheid) te kon kry vir "spesialistiese kerklike dienste" om die spesifieke nood van die homoseksuele mens aan te spreek nie.*
- *Die AKDB noem ook dat 'n komitee besig is om die 1986 studie "by te bring" "op grond van nuwere navorsing wat aan die lig gekom het".*

3.1 Algemene Sinode 1990, Agenda (p353)

30.4 HOMOSEKSUALITEIT: STAATSHULP
Die AKDB-Publikasie "Homoseksualiteit – Wat sê die Kerk" is as vertrekpunt gebruik vir die uitvoering van die opdrag van die Algemene Sinode 1986 om met die owerheid te onderhandel "oor finansiële ondersteuning vir spesialistiese kerklike dienste op die spesifieke nood van die homoseksuele mens." Die bevriesing van poste en subsidies (voorsienbaar vir ten minste 8 jaar) deur die owerheid as gevolg van die huidige finansiële situasie in die land het enige poging tot uitbreiding van subsidies ter syde gestel. Intussen gee die SKDB's aandag aan die program van aksie soos die Algemene Sinode 1986 dit goedgekeur het. Terselfdertyd werk 'n komitee van die AKDB aan die bybring van bogenoemde studie op grond van nuwere navorsing wat aan die lig gekom het en dus ook aan die bybring van die formulering van die beleid.

3.2 Algemene Sinode 1990, Handelinge (p675)

30.4 HOMOSEKSUALITEIT: STAATSHULP
Kennis geneem

4. Algemene Sinode 1994

Geen verwysing na homoseksualiteit / selfdegeslagverhoudings nie

5. Algemene Sinode 1998

Geen verwysing na homoseksualiteit / selfdegeslagverhoudings nie

6. Algemene Sinode 2002 (p624)

- *Die Algemene Sinode kan haar nie meer met 1986 se verslag vereenselwig nie, maar herroep dit ook nie. 'n Nuwe, oop situasie ontstaan in afwagting op 'n standpunt by die volgende Algemene Sinode.*
- *Slegs die verbintenis tussen een man en een vrou kan as 'n huwelik beskou word.*
- *Spreek haar berou en opregte pastorale bewoënheid uit oor die veroordelende gesindhede en liefdelose optrede teenoor homoseksuele gelowiges.*
- *Verklaar dat homoseksuele gelowiges hartlik welkom is in ons gemeentes.*
- *Vra voortgaande besinning en 'n grondige en omvattende studie deur deskundiges en homoseksuele gelowiges (en ook homoseksuele gelowiges wat van 'n homoseksuele lewenswyse "bevry" is)*

BESLUITEREGISTER, p624

12.11 HOMOSEKSUALITEIT (551: 14)

1. In die lig van die voortgaande besinning verklaar die Algemene Sinode dat ons ons nie langer sonder meer kan vereenselwig met die verslag, Homoseksualiteit. Wat sê die kerk (1986) nie. In die lig van voortgaande besinning verklaar die Algemene Sinode dat daar in die Kerk ernstige meningsverskil ontstaan het oor sy ingenome standpunt oor homoseksualiteit.

INTERPRETASIE VAN BESLUIT 1:

Die Algemene Sinode verstaan dit so dat hy met die aanvaarding van besluit 1 erken dat daar rede is om weer te besin oor sy standpunt oor homoseksualiteit. Alhoewel die besluit van 1986 geldig bly totdat dit herroep word, bring die aanvaarding van die amendement mee dat daar 'n nuwe, oop situasie ontstaan het in afwagting op 'n standpunt by die volgende Algemene Sinode.

2. Sonder miskenning van die feit dat daar in die samelewing verhoudings bestaan en tot stand kom tussen lede van dieselfde geslag, handhaaf die Sinode die standpunt dat slegs die verbintenis tussen een man en een vrou volgens ons verstaan van die Skrif as 'n huwelik beskou kan word.

3. Die Algemene Sinode erken met hartseer en berou dat ons in die verlede deur veroordelende gesindhede en liefdelose optrede 'n aandeel gehad het aan die vervreemding van homoseksuele gelowiges. Ons bevestig dat ons nie die integriteit van medegelowiges bloot op grond van 'n homoseksuele oriëntasie in twyfel wil trek nie. Graag verseker ons hulle van die NG Kerk se opregte pastorale bewoënheid en verklaar dat hulle hartlik welkom is in ons gemeentes.

4. Die Algemene Sinode waarsku in 'n tyd van seksuele losbandigheid met groot erns om die Godgegewe gawe van die seksualiteit te gebruik op 'n wyse wat die Gewer eer en ons medemens koester. Dit impliseer dat hetero- en homoseksuele promiskuïteit ten sterkste veroordeel word.

5. Die Algemene Sinode dra dit op aan die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake om 'n grondige en omvattende studie te doen oor homoseksualiteit met die oog op die volgende Algemene Sinode. Die Kommissie betrek ook ander kommissies en deskundiges by die besinning oor hierdie saak. Veral moet gepoog word om ook gelowiges met 'n homoseksuele oriëntasie, asook gelowiges wat bely dat hulle deur God se genade van 'n homoseksuele ingesteldheid en leefwyse bevry is, by die ondersoek te betrek. Die Algemene Sinode versoek AKLAS om hierdie studie te onderneem binne die raamwerk van die meer omvattende antropologiese vraag na die rol van die seksuele as sodanig in die lewe van mens en maatskappy.

6. Die Algemene Sinode versoek ampsdraers en kerkvergaderings om met groot omsigtigheid en respek teenoor alle medegelowiges die aangeleentheid te hanteer in afwagting op die besluite van die volgende Algemene Sinode. Op almal wie se pad kruis met persone met 'n homoseksuele oriëntasie, word 'n beroep gedoen om hulle in die styl en gesindheid van Jesus Christus te aanvaar.

7. Algemene Sinode 2004 (p374)

- *Die 1986 verslag word vervang met die besluit van 2004.*
- *Alle mense, ongeag hulle seksuele oriëntasie, is ingesluit in God se liefde. Homoseksuele gelowiges behoort op grond van hulle doop as volwaardige lidmate van die kerk aanvaar te word.*
- *Slegs die verbintenis tussen een man en een vrou kan as 'n huwelik beskou word.*
- *Heteroseksuele én homoseksuele promiskuïteit word ten sterkste veroordeel.*
- *Verskoning aan alle homoseksuele mense vir die seer en die kerk se gebrek aan leiding.*
- *Die Algemene Sinode onderneem ondersteuning en pastorale versorging.*

4.10 HOMOSEKSUALITEIT

1. Dit is die roeping van die kerk om die evangelie van Jesus Christus in alle omstandighede en aan alle mense te bring. Daarom is dit die kerk se taak om die lig van God se Woord ook op die terrein van menslike seksualiteit te laat val sodat die boodskap van hoop en bevryding in Jesus Christus ook met betrekking tot hierdie aspek van die lewe tuisgebring kan word.
2. Dit is ook die roeping van die kerk om sonder vooroordeel, bewus van ons eie gebrokenheid, ons lidmate op te roep en te begelei, om in waarheid met liefde en deernis voor God met mekaar om te gaan. In die lig hiervan vra die Algemene Sinode verskoning aan alle homoseksueles en hulle families, binne en buite die kerk, vir elke geval waar die kerk sulke mense in die verlede, onder andere as gevolg van 'n gebrek aan leiding, seergemaak en veronreg het en waar God se liefde nie in die kerk se optrede raakgesien kan word nie.
3. Die Sinode is diep geraak deur die pyn en lyding, verwerping en eensaamheid van persone wat op een of ander wyse met die werklikheid van homoseksualiteit gekonfronteer is. Daarom onderneem ons om met mekaar saam op weg te gaan, deur:

* in liefde mense te ondersteun op persoonlike vlak en die nodige ondersteuningsisteme daar te stel op alle vlakke;

* met die middele tot ons beskikking die nodige pastorale begeleiding te verskaf, as daar 'n behoefte is;

* saam te besin oor wat 'n Bybels-gefundeerde pastorale model is om homoseksuele persone te versorg.

4. Die Sinode erken dat daar in die kerk verskillende vertolkings is van die beskikbare Skrifgegewens oor homoseksualiteit. Ons onderneem om die gesprek en studie oor hierdie saak met groot erns voort te sit met die oog daarop om die kerk en ons lidmate op die mees verantwoordelike manier te dien.
5. Volgens ons verstaan van die Skrif kan slegs die verbintenis tussen een man en een vrou as 'n huwelik beskou word. (Handelinge, Algemene Sinode 2002: 624 12:11 punt 2.)
6. In aansluiting by die Algemene Sinode van 2002 bevestig die Sinode dat sowel heteroseksuele as homoseksuele promiskuïteit ten sterkste veroordeel word.
7. Die Sinode is daarvan oortuig dat alle mense, ongeag hulle seksuele oriëntasie, ingesluit is in God se liefde en dat hulle op grond van hulle doop as volwaardige lidmate van die kerk aanvaar behoort te word. Dit is ons oortuiging dat ons alle mense se getuienis oor hulle geloof en toewyding, sowel as oor hulle seksuele oriëntasie, ernstig moet opneem en hulle integriteit moet aanvaar.

Hierdie besluit vervang die vorige besluit van die Algemene Sinode oor homoseksualiteit en word nou die amptelike standpunt van die NG Kerk.

8. Algemene Sinode 2007 (p110, 204-205)

- *Homoseksuele verbintenisse (of homoseksuele huwelike) kan nie as 'n alternatief vir die huwelik aanvaar kan word nie.*
- *Homoseksuele gelegitimeerdes, wat 'n selibate lewenstyl beoefen, kan tot die predikantsamp toegelaat word.*
- *Die Algemene Sinode erken die diskresie van Kerkrade om homoseksualiteit in die gemeente te hanteer.*

2007 BESLUITEREGISTER (p204-205)

12. HOMOSEKSUALITEIT

12.1 HOMOSEKSUALITEIT (Notule p107)

1. Die Algemene Sinode spreek ’n groot woord van opregte dank uit teenoor al die lede van die taakspan vir ’n deeglik gefundeerde verslag.
2. Die Algemene Sinode erken dat in die samestelling van die Taakspan daar persone betrek is met baie sterk uiteenlopende standpunte.
3. Die Algemene Sinode neem kennis dat daar ’n wye behoefte bestaan dat daar meer middelgrond tussen die twee standpunte moet kan wees. Op grond van ons waarde van vertroue is die Algemene Sinode oortuig dat hierdie pad verken moet word.
4. Die Algemene Sinode wys ’n kommissie aan en dra dit aan die kommissie op om alle voorstelle wat tans in die vergadering ter tafel is te bestudeer met die oog op die versoening van idees en die bestuur van diversiteit. Die kommissie doen ter vergadering verslag en die prosesspan word versoek om die beskikbare tyd daarvoor te bestuur.
5. Om baie redes is dit moeilik om persone aan te wys. Die vergadering oordeel dat dit die veiligste pad sal wees om die tien moderators van die sinodes te vra om saam met ’n gespreksleier (Nelis van Rensburg) en die voormalige dosent in die Christelike etiek, prof Danie du Toit, die saak te hanteer.

12.2 HOMOSEKSUALITEIT: VOORSTEL TAAKSPAN MODERATORS (Notule p110)

(Hierdie aanbevelings vervang alle aanbevelings vanaf 5.1 op bladsy 19 tot 5.13.2 op bladsy 21 van die Agenda Deel II)

Die Algemene Sinode besluit soos volg:

1. Die Bybel is ons uitgangspunt en in ons nadenke oor homoseksualiteit soek ons eerlik na maniere om die Bybelse waardes betekenisvol binne die konteks te interpreteer.
2. Ons aanvaar die liefde van Christus as die enigste geldige grondhouding waarop verhoudinge binne die geloofsgemeenskap gebaseer word. Alle mense is geskep na die beeld van God; die verlossing in Christus is vir alle mense en die Gees is uitgestort op alle gelowiges. Daarom aanvaar ons die menswaardigheid van alle mense.
3. Alle mense, ongeag hulle seksuele oriëntasie, is ingesluit in God se liefde en hulle word op grond van hulle doop en geloof as lidmate van die kerk van Christus aanvaar. Onder lidmaatskap word verstaan toegang tot die sakramente, toegang tot die ampte en onderworpenheid aan die kerklike tug.
4. Die Algemene Sinode herbevestig die besluit van 2004 dat, volgens ons verstaan van die Bybel, slegs die verbintenis tussen een man en een vrou as ’n huwelik beskou kan word.
5. Die Algemene Sinode bevestig ook die besluit van 2004 dat sowel heteroseksuele as homoseksuele promiskuiteit ten sterkste veroordeel word.
6. Die Algemene Sinode besluit dat, in die lig wat ons tans het, homoseksuele verbintenisse en huwelike nie as ’n alternatief vir die huwelik aanvaar kan word nie.
7. Die verlening van predikantsbevoegdheid is ’n funksie van die Algemene Sinode. Die sinode besluit dat homoseksuele gelegitimeerdes wat ’n selibate lewenstyl beoefen tot die predikantsamp toegelaat word.
8. Die Algemene Sinode erken die diskresie van Kerkrade om die verskille oor homoseksualiteit in gemeentes in die gees van Christelike liefde te hanteer.

Met hierdie besluit verval alle aanbevelings van die Taakspan Homoseksualiteit.

12.3 INTERPRETASIE VAN DIE SINODALE BESLUIT OOR HOMOSEKSUALITEIT (Notule bl 129)

Die Algemene Sinode verklaar dat die besluit van 8 punte insake homoseksualiteit as 'n eenheid aan die Algemene Sinode gestel is en dat hierdie besluit as 'n eenheid gelees en verstaan moet word.

12.4 MOSIE VAN DANK TEENOOR DIE ALGEMENE SINODE SE TAAKSPAN VIR

HOMOSEKSUALITEIT (Notule p110)

Die Algemene Sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor al die lede van die Taakspan wat gedurende die afgelope meer as twee jaar met groot toewyding, maar ook met persoonlike blootstelling en ontbering, baie tyd en aandag aan hierdie opdrag gewy het. ’n Spesiale woord van waardering word ook uitgespreek teenoor die gay persone wat deel was van die Taakspan vir hulle onmisbare teenwoordigheid en getuienis in die proses. Ons besef dat hulle hulself in die proses nog meer blootgestel het.

9. Algemene Sinode 2011

Geen sake oor homoseksualiteit of selfdegeslagverhoudings nie

10. Algemene Sinode 2013 (p237)

- *Die Algemene Sinode herbevestig 2007 se besluit en verklaar dat dit na deeglike eksegetiese en teologiese studie gedoen is, maar vra tog die ASM om 'n studie oor selfdegeslagverhoudings in die lig van die Skrif en Gereformeerde tradisie te doen.*
- *Die Algemene Sinode besluit dat homoseksuele en heteroseksuele studente, wat hulle voorberei vir die bediening in die NG Kerk, aan dieselfde Christelik-etiese standaarde moet voldoen met die oog op legitimasie.*
- *Die Algemene Sinode verbind haar tot die waardes van die Seisoen van Menswaardigheid ook ten opsigte van homoseksuele persone.*

10.1 Besluiteregister (p237)

HOMOSEKSUALITEIT: PROSESVOORSTEL TOV DIE VOORTGESETTE GESPREK OOR
(vgl Agenda A.12 bl 128 pt 9.3; A.12 (Aanvullend) bl 24; Notule Dag 5 pt 4)
Die Algemene Sinode vervang A.12 (Aanvullend) bl 24 pt 1.5 met die volgende:
Die Algemene Sinode
1. bevestig dat die besluit van 2007 oor homoseksualiteit geneem is na 'n deeglike eksegetiese en teologiese studie.
2. gee opdrag aan die ASM om in voortsetting van die 2007 verslag oor homoseksualiteit 'n studie te doen oor die status van selfdegeslagverhoudings in die lig van die Skrif en Gereformeerde tradisie
3. besluit dat homoseksuele en heteroseksuele studente wat hulle voorberei vir die bediening in die NG Kerk, aan dieselfde Christelik-etiese standaarde moet voldoen met die oog op legitimasie.
4. verbind hom ook in die hantering van die saak aan die waardes van die Seisoen van Menswaardigheid.

11. Algemene Sinode 2015

- *Die Algemene Sinode besluit om erkenning te gee aan die status van burgerlike verbintenisse van persone van dieselfde geslag wat gekenmerk word deur liefde en trou, en maak voorsiening dat hierdie verbintenisse deur predikante wat hulle weg oopsien, bevestig kan word.*
- *Die Algemene Sinode erken die diversiteit van beskouinge oor selfdegeslagverbintenisse binne die NG Kerk en bevestig die reg van kerkrade om hieroor hulle eie standpunte en praktyke te formuleer.*
- *Dieselfde Christelik-etiese standaarde (leer en lewe) geld vir die legitimasie en ordening van alle persone. Punt 7 van die besluit van 2007 verval. [Die verlening van predikantsbevoegdheid is 'n funksie van die Algemene Sinode. Die sinode besluit dat homoseksuele gelegitimeerdes wat 'n selibate lewenstyl beoefen tot die predikantsamp toegelaat word.]*
- *Die Algemene Sinode besluit om 'n Christelik-Bybels-etiese model oor die seksualiteit vir alle mense te ontwikkel om gemeentes te begelei.*

Die Algemene Sinode het op Vrydag 9 Oktober 2015 soos volg besluit:
(Notule nog nie beskikbaar nie)
1. Die Algemene Sinode herbevestig die gelykwaardigheid van alle mense ongeag seksuele oriëntasie en verbind haarself tot die handhawing van die menswaardigheid van alle mense.

2. Die Algemene Sinode verklaar dat hetero- en homoseksuele persone wat in ’n verhouding van persoonlike geloofsgehoorsaamheid aan die Here leef, ten volle kan deelneem aan al die voorregte van die kerk as verbondsgemeenskap.
3. Die Algemene Sinode herbevestig die besluite oor die huwelik van 2004, 2007 en 2013 dat slegs die verbintenis van een man en een vrou as ’n huwelik beskou word.
4. Die Algemene Sinode besluit om in die lig van punt 1 hierbo erkenning te gee aan die status van burgerlike verbintenisse van persone van dieselfde geslag wat gekenmerk word deur liefde en trou, en maak voorsiening dat hierdie verbintenisse deur predikante wat hulle weg oopsien, bevestig kan word.
5. Dieselfde Christelik-etiese standaarde (leer en lewe) geld vir die legitimasie van ordening van alle persone. Punt 7 van die besluit van 2007 verval.
6. Die Algemene Sinode erken die diversiteit van beskouinge oor selfdegeslagverbintenisse binne die NG Kerk en bevestig die reg van kerkrade om hieroor hulle eie standpunte en praktyke te formuleer en te reël.
7. Die Algemene Sinode bevestig die diskresie van kerkrade om die verskille oor homoseksualiteit in gemeentes te hanteer en versoek hulle om dit in ’n gees van Christelike liefde te doen.
8. Die Algemene Sinode bied hierdie besluite oor selfdegeslagverhoudings aan met nederigheid na ’n ernstige soektog en as die beste toepassing van die boodskap van die Bybel soos ons dit tans verstaan. Die Algemene Sinode versoek lidmate, gemeentes en kerkvergaderings om weereens op ’n selfstandige soekproses na die toepassing van die boodskap van die Bybel hieroor te gaan. In die soektog kan studiestukke van die Algemene Sinode van 2007, 2011, 2013 en 2015 ernstig gelees word. In ooreenstemming met die NGB Art 2 behoort die besondere en algemene openbaring gebruik te word, dws die beste huidige menswetenskaplike bevindings.
9. Die Algemene Sinode besluit om ’n Christelik-Bybels-etiese model oor die seksualiteit vir alle mense te ontwikkel om gemeentes te begelei in die lig van voorafgaande besluite. Hierdie saak word ook verwys na die Projekspan vir Leer en Aktuele Sake, wat reeds ’n soortgelyke opdrag in A.8.2 bl 172 punt 7.4 ontvang het.
10. Die Algemene Sinode besluit om ’n bevatlike oorsig van die NG Kerk se reis met homoseksualiteit saam te stel en te versprei om gemeenteleiers te bemagtig in die begeleiding van gemeentes oor hierdie saak.

Die Algemene Sinode het verder besluit:
1. Vanuit ons verbintenis tot die waardes van die Seisoen van Menswaardigheid sê ons as Algemene Sinode opreg jammer vir mense wat seergekry het en wie se waardigheid aangetas is weens enige homofobiese taal, gedrag of gesindheid van die kant van die kerk, ook tydens hierdie vergadering.
2. Die Algemene Sinode weerhou haarself voortaan van enige homofobiese taal, gedrag en gesindheid juis vanweë ons verbintenis aan die Seisoen van Menswaardigheid, en ook vanuit ’n diepe oortuiging van die diskriminerende aard van sodanige taal, gedrag en gesindheid as gevolg daarvan.

Die Algemene Sinode het verder besluit:
1. Die Algemene Sinode dra dit aan die Algemene Steunspan Regte op om die kerkregtelike- en regsimplikasies van enige besluit(e) insake selfdegeslagverhoudings te ondersoek met verslag en aanbeveling aan die Algemene Sinodale Moderamen.
2. Die Algemene Sinode neem kennis dat volgens die Civil Union Act (Wet 17 van 2006) vereis word dat denominasies skriftelik by die Minister moet aansoek doen om toestemming te verkry om selfdegeslagverbintenisse te voltrek (vergelyk Klousule 5 wat soos volg lees: *Designation of ministers of religion and other persons attached to religious denomination or organisation as marriage officers: (1) Any religious denomination or organisation may apply in writing to the Minister to be designated as a religious organisation that may solemnise marriages in terms of this Act).*

Die Algemene Sinode het verder besluit:
1. Die Sinode van Namibië versoek die Algemene Sinode om kennis te neem dat pt 4 in die goedgekeurde voorstel wat soos volg lees “erkenning te gee aan die status van burgerlike verbintenisse van persone van dieselfde geslag”, in stryd is met die landswette van Namibië.
2. Die Algemene Sinode keur goed dat hierdie pt 4 oor selfdegeslagverhoudings nie afdwingbaar is op die Sinode van Namibië nie.